26 MAY 1945

**BRADS GRYSBROEKE**

Ons het so pas 'n klein besending broeke van hierdie bekende fabrikaat ontvang. So reg na u smaak. Kom kyk self.

•

**Die Eikestadwinkel**

(Edms.) Bpk.

Langs C.S.V.-Boekhandel.

# DIE Matie

**BESTE DIENS**

vir

**FIETSE, RADIO'S ENS.**

is

nog verkrygbaar

by

**H. VILJOEN**

**PLEINSTRAAT**

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 9. VRYDAG, 18 MEI 1945. Prys 1d.

# Die A.N.S. se Republikeinse Strewe Staan Helder Omlyn

## BEWEGING ONTWIKKEL HIEROP SEDERT 1940

***Die A.N.S. as Uniale studenteliggaam is fanaties republikeinsgesind. In sy republikeinse strewe is daar vaste vorm en rigting — 'n koers wat elke ondersteuner moet ken, 'n doelbewustheid wat elke vyand moet aanvaar. In 1940 is dié beginselgrondslag vasgelê. Wêreldtoestande het intussen verander, omstandighede en geleenthede het 'n ander vorm aangeneem, maar die A.N.S. bou voort op dié vooropgesette beginselstrewe. Daarom herhaal ons hieronder die twintig punte van die A.N.S. se vryheidstrewe soos vervat in die VRYHEIDSMANIFES VAN DIE A.N.S., 1 Julie 1940:***

Ons voel dat ons die tydstip bereik het waarop ons onomwonde die omskepping van die Unie van Suid-Afrika tot 'n Republikeinse Staat moet eis. Om hierdie doel te bereik, sal ons nie skroom om alle nodige maatreëls te tref nie.

Ons grondves ons ideaal vir hierdie staat op die volgende beginsels:

1. Ons aanvaar die veelheid en verskeidenheid van nasies, **elk met 'n eie aard en besondere taak om vry uit te voer in eie land onder sy Godgegewe leiers,** gesamentlik in gehoorsaamheid aan God Drieënig.

2. **Ons aanvaar die noodsaaklikheid van die bestendiging van die blanke beskawing in Suid-Afrika,** maar erken die bestaansreg van inheemse nie-blankes onderworpe aan die beginsels hierin vervat.

**STAATSVORM**

3. **Die Unie van Suid-Afrika word omgeskep tot 'n republikeinse staat waarin die President, deur die volk vir 'n bepaalde tyd verkose en verantwoordelik aan God alleen, met bystand van 'n Uitvoerende Raad en Volksraad, van gebieds- en beroepsverteenwoordigers, 'n regering van gesag sal voer.**

4. Ons buitelandse verhoudings sal bepaal word alleen op grond van die belange van die Republikeinse staat in Suid-Afrika.

5. **Die Staat sal berus op Christelik-Nasionale grondslag,** maar die beginsel van vryheid van godsdiens word erken.

6. **Ons uitgangspunt is dat Suid-Afrika ons enigste vaderland is** en beskou diegene wat hierdie standpunt nie huldig nie, as vreemdelinge in hierdie land. By die bepaling van status binne die staat onderskei ons tussen burgers, onderdane en besoekers.

BEVOLKINGSBELEID

7. **Ons beoog 'n groter blanke bevolking in Suid-Afrika,** bewerkstellig te word deur:

(a) Aanmoediging van die natuurlike aanwas;

(b) 'n verstandige immigrasiebeleid met assimileerbaarheid as vereiste.

8. Ons optrede t.o.v. die kleurlingvraagstuk word as volg bepaal:

(a) **Inheemse nie-blankes sal onder voogdyskap van die staat staan.** Deur middel van 'n differensiasiebeleid sal paralelle ontwikkeling volgens eie tradisionele kultuuropvattings en gelykheid deur apartheid vir hulle moontlik gemaak word.

(b) **Algehele woonbuurtsegregasie** sal in stedelike gebiede deurgevoer word.

(c) **Repatriasie van Asiate** sal aangemoedig word.

EKONOMIESE LEWE

9. Die staat beoog die regverdige aanwending van al sy natuurlike en produksiebronne ten bate van die hele gemeenskap en hierin sal nie gesorg word om gevestigde belange aan te tas nie.

10. Die staat sal sorg dat die verdeling van nasionale inkome tussen (a) besigheidsgroepe, (b) verdienende en (c) beleggende groepe sal plaasvind **sonder die uitbuiting van enige groep.**

11. Industriële uitbreiding en die plaaslike verwerking van nasionale grondstowwe is noodsaaklik. **Sleutelbedrywe moet onder staatskontrole resorteer.**

12. **Die boerderybedryf** in Suid-Afrika word gereorganiseer met inagneming van die landbouskuldvraagstuk sowel as die binnelandse en buitelandse afset van landbouprodukte.

13. **Bankwese** in Suid-Afrika sal gereorganiseer word op nasionale basis met die staat as die skepper van krediet en private volksbanke die distribueerders daarvan.

TAAL EN OPVOEDING

14. **Afrikaans sal geld as amptelike landstaal en Engels sal sy volle regte geniet as tweede taal.**

15. **Binne 'n Christelik-nasionale opvoedingstelsel sal die onderwys deeglik aangepas word by die behoeftes van ons bedryfslewe** deur die daarstelling van tegniese en vakkundige sowel as doeltreffende akademiese opleidingsfasiliteite.

16. Die staat sal die pers, radio, film- en biblioteekwese sowel as alle ander hulpmiddels aanwend vir 'n gesonde volksopvoeding.

ARBEID EN GESONDHEID

17. **Ons aanvaar die reg tot arbeid en die plig tot werk.**

18. **Die staat sal spesiale aandag wy aan die gesondheid en welvaart van die vrou, moeder en kind,** onder andere deur die ondersteuning van vroue-organisasies, die uitbreiding van mediese en kliniese dienste.

REGSTELSEL EN VERDEDIGING

19. Ons stel onsself ten doel die vereenvoudiging van die Suid-Afrikaanse regstelsel in aanpassing by plaaslike behoeftes.

20. 'n **Kragtige nasionale verdedigingstelsel** wat berus op algemene diensplig en binnelandse staatsbeheerde bewapeningsbedryf sal ingevoer word.

(Sien ook ons inleidingsartikel.)

## Ingenieursfakulteit Beter Toegerus

### MASJIENKAMER WORD AANGEBOU

Op die oop terrein skuins agter die Hoër Seunsskool word voorbereidings getref vir die oprigting van 'n groot masjiensaal vir die Ingenieurswese-fakulteit. Die gebou word deels deur die Universiteit self en deels deur 'n ingenieursfirma van Kaapstad opgerig, en sal in sowat vier maande voltooi wees tot die voorlopige eerste stadium waarin voorsiening gemaak word vir die huisvesting van groot masjienerie vir die werktuigkundige en elektrotegniese afdelings van die Fakulteit. Die masjiene vorm 'n belangrike deel van die toerusting van die laboratoriums van die Fakulteit, waarin studente die geleentheid sal kry om praktiese ondervinding op te doen van al die verskillende soorte masjiene waarmee hulle in hul latere loopbaan te doen sal kry. Ook sal beter geriewe verskaf word vir die opleiding in die werkswinkel en met masjiengereedskap, wat tans in die kelders van die fisikagebou geskied.

**VOORLOPIG**

Daar die masjiensaal op die oomblik nog nie beskikbaar is nie, word 'n gebou onder in Birdstraat, naby du Toitstasie, tans ingerig as laboratorium vir die werktuigkundige departement, en ons verstaan dat die eerste proewe eersdaags daar uitgevoer sal word. Studente sal self behulpsaam wees met die oprigting van sekere toerusting.

Die Ingenieurswesefakulteit sal vroeg aanstaande jaar besit neem van die Seunsskool, en alle geriewe dig bymekaar hê vir sowel die teoretiese as vir die praktiese sy van die tegniese opleiding.

### *AANDAG!!*

**Prof. Dr. H. G. Stoker,** hoogleraar in die Wysbegeerte aan die P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom, sal:

(a) **Maandagaand 28 Mei 7.30** in die C.J.V.-saal 'n rede lewer oor **„Bybelgeloof en Wetenskapsbeoefening."**

(b) **Dinsdagaand 29 Mei 8-uur** in die Ou Leeskamer oor: **„Calvinistiese Wysbegeerte in Perspektief....“**

**Almal Welkom!**

***Besoek DIE UITSPAN***


**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop**

***DIE UITSPAN is 'n besoek werd!***

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

4 VRAE.....
- *Verlang u na hulp in die lewe?*
- *Word u baie versoek?*
- *Hoe sterk is u vertroue?*
- *Kan u u gees beheers?*

Dit is vrae wat u alleen kan beantwoord.
MAAR
in




HULP ONDER VERSOEKINGS
deur Prof. Amos R. Wells
(In Afrikaans vertaal deur dr. Jac. J. Müller)
Dui ons u die Pad na Oorwinning aan.
Vir elke Student wat 'n beter lewe wil voer, sal die boek 'n hulpmiddel wees.
Die Prys is slegs 2/9.
Verkrygbaar by
DIE
C.S.V.-BOEKHANDEL
Pleinstraat, Stellenbosch.

Die Plaza
Foon 0013
KISMET
RONALD COLMAN
VRYDAG en SATERDAG
*18 en 19 Mei*

APTEKERS
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
JOERNING en SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

DIE MATIE
Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.
Inskrywingsgeld 5/- per jaar.

Deel V. 18 Mei 1945. No. 9.

## DIE VRYHEIDSMANIFES

Elders in hierdie uitgawe word die Vryheidsmanifes wat die A.N.S. in Julie 1940 gepubliseer het, afgedruk.

Hierdie manifes is die grondslag waarop die A.N.S. berus; waarop hy voortbou en waaruit hy ontwikkel. In die tye waarin ons vandag leef soek die mens na vaste grond om op te staan; na basiese norme wat kan herinner aan die kontinuïteit van die lewe, en wat inhoud en betekenis kan gee aan die menslike strewe.

Vir die Afrikaanse student en sy strewe is die Vryheidsmanifes 'n ligbaken, wat sy nasionaal-kulturele aspirasies illumineer en aan die hele wêreld sigbaar maak.

Daarom is dit goed dat die Vryheidsmanifes tans, ja juis tans, weer onder die aandag van studente gebring sal word.

In Augustus 1940 het die Hoofbestuur van die A.N.S. na aanleiding van die manifes verklaar:

„Die A.N.S. betree nie die gebied van die praktiese partypolitiek nie, en wil hom geensins vereenselwig met enige bepaalde politieke party nie.

„As kultuurorganisasie wil hy hom egter nie beperk bloot tot sekere terreine van ons volkskultuur nie, maar wil hy sy lede vorm en voorlig en lei op alle kultuurterreine en dus ook op staatkundige gebied.

„Die A.N.S. glo dat die grondslag van haas alle S.A. probleme vandag staatkundig van aard is, en dat die enigste oplossing daarvan lê in die opbou van 'n vrye en onafhanklike S.A. Republiek so spoedig moontlik.

Met hierdie doel voor oë wil die A.N.S. veral in hierdie tyd ook so veel as moontlik voorsien in die besondere behoefte van 'n skakel te vorm tussen die akademiese en intellektuele benadering van landsvraagstukke aan die een kant en die praktiese politiek aan die ander kant."

Die groot kongresse wat die A.N.S. gedurende die oorlogsjare gehou het, het hierdie doel van hom skitterend verwesenlik.

## A.N.S.-LEDELYSTE

Aandag asseblief alle persone wat A.N.S. inskrywings waargeneem het! Ledelyste wat nog in u besit is, moet asseblief so gou moontlik opgestuur word na die Taksleier. Dit is baie dringend.

## ONTHOU DIE DATUMS!

### *Kunswedstryd*

**Tentoonstellings:**

Skilderkuns — Carnegiesaal — 31 Mei tot 2 Junie.
Hande-arbeid — C.S.V.-Saal — 31 Mei tot 2 Junie.

**Pryswennerskonserte:**

Junioraand :Vrydag, 1 Junie — Konservatoriumsaal.
Senioraand: Saterdag, 2 Junie — Stadsaal.

# *Die Opkoms en Ondergang van Hitler se Duitsland*

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht, Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

Dit sal die taak van toekomstige geskiedskrywers wees om 'n wetenskaplike en objektiewe geskiedenis van Hitler se Duitsland te skryf. Dit sal egter alleen moontlik wees as die huidige oorlogsdolheid met al sy propaganda plek maak vir normale vredesnugterheid en saaklikheid. Miskien sal die geskiedskrywers van die toekoms dan ook oor 'n Hitler oordeel soos 'n Engelse skrywer onlangs oor die ook eenmaal so erg verguisde Napoleon geoordeel het: Groot manne is meteore. Hulle brand hulself uit ten einde die wêreld te verlig.

### DIE OPKOMS VAN HITLER SE DUITSLAND

Dit is egter onnodig om op toekomstige geskiedskrywers te wag om die wonderbaarlike opkoms van Hitler se Duitsland te beskryf. Daar moet onthou word dat Hitler maar ongeveer ses vredesjare tot sy beskikking gehad het en dat die Duitsland waarmee hy te doen gehad het, die Duitsland was wat deur die smeltkroes van Versailles gegaan het. Dit was 'n Duitsland wat met alle moontlike nasionale, sosiale, politieke en ekonomiese beproewings kennisgemaak het. Daar was in die eerste plek die vreeslike en verlore oorlog van 1914—1918 teen die oormag van 'n wêreld van vyande; daar was politieke rewolusies en 'n ineenstorting van die Duitse geldwese soos die wêreld nog nie gesien het nie; daar was die verskriklike diktaat van Versailles wat nie alleen waardevolle Duitse gebiede van die Ryk weggeskeur het nie, maar ook Duitse militêre magteloosheid, selfs teenoor klein buurstaatjies, en Duitse hulpeloosheid in die ekonomiese huishouding van die wêreld, voldonge feite gemaak het. Die Duitsland van 1918—1932 was dan ook die land van politieke onstabiliteit, sosiale onrus, werkloosheid, ekonomiese swakheid en alle moontlike krankhede. Die Duitsland van Versailles moes astronomiese bedrae as oorlogskulde en reparasies aan sy oorwinnaars betaal en tog is sy fabrikate as gevaarlike konkurrente deur hoë invoerregte van vreemde markte uitgesluit. Hy moes ontwapen terwyl sy oorwinnaars tot die tande toe gewapend gebly het. Sy waardevolste nywerheidsgebiede is strafloos deur vreemde troepe beset. In die wêreldpolitiek en in die wêreldhandel het hierdie Duitsland haas nie getel nie. Die enigste bate wat hierdie Duitsland nog gehad het, was 'n viriele, hardwerkende en hoog intelligente volk. Die Duitse volk as sodanig was gesond al het dit hom aan nasionale en veral aan sosiale eenheid soms gevaarlik ontbreek.

Hierdie Duitsland is in ongeveer ses jaar deur Adolf Hitler in 'n totale nuwe Duitsland omgeskep. Die Duitse Wonder het plaasgevind. Die Nasionaal-Sosialistiese Duitsland het nie alleen binne enkele jare van sy gevaarlikste krankhede ontslae geraak nie, maar Hitler het 'n nuwe toekoms opgebou. Op alle gebiede is daar gewerk en nogeens gewerk en Duitse geesdrif en Duitse idealisme het in hierdie opbouwerk geen perke geken nie en die ongelooflike volbring. Dit is 'n Duitse en 'n wêreldramp dat hierdie geweldige opbouwerk op alle gebiede nie die geleentheid gehad het om die toets van 'n langdurige vrede deur te staan nie. Dit is nie alleen 'n Duitse ramp nie maar ook 'n wêreldramp dat die nuwe Duitsland nie 'n vredestoets maar 'n oorlogstoets moes deurstaan en in hierdie laaste toets het hy skitterend presteer al het hy ook daarin ondergegaan.

### DIE ONDERGANG VAN HITLER SE DUITSLAND

Hoewel die ondergang van Nazi-Duitsland reeds 'n voldonge feit is, behoort die oorsake van hierdie ondergang by toekomstige geskiedskrywers tuis. Op die oomblik egter lyk dit of hierdie ondergang hoofsaaklik aan militêre oorsake toegeskryf moet word. Dit was 'n militêre toets wat Hitler se Duitsland moes deurstaan en nie kon deurstaan nie.

Om hierdie militêre toets te kan deurstaan was dit noodsaaklik dat Duitsland 'n blitskryg moes voer en blitsoorwinnings moes behaal. Dit was noodsaaklik omdat Duitsland se voorrade aan mense en materiaal veel geringer was as die van sy vyande. Vir die Duitsers was 'n vinnige uitklophou en 'n blitsoorwinning 'n eerste noodsaaklikheid. 'n Lang uitgerekte oorlog kon vir hulle alleen noodlottig wees.

Die vernaamste oorsake vir die Duitse nederlaag kan dus as volg opgesom word: (1) Die geweldige mag van die Russiese kolos waarteen die Duitsers hulle te pletter geloop het. (2) Die materiële oormag en produksievermoë van Amerika. (3) Die beheer van die see deur die Angel-Saksers waarteen die Duitse duikbote niks beslissends kon uitrig nie. (4) Die intensiewe Angel-Saksiese lugaanvalle op Duitsland en (5) Die militêre versaking van die Duitse bondgenote in Europa by name Italië.

Dit is bes moontlik dat 'n toekomstige geskiedskrywer die stryd tussen die Bolsjewistiese Rusland en die Nasionaal-sosialistiese Duitsland as die hoofstryd van hierdie Wêreldoorlog sal beskou en alles andere as minder belangrike bykomstighede. Dit is bes moontlik dat hierdie hoofstryd wat in die Russiese winters en op die Russiese vlaktes beslis is as die eerste van sy soort in 'n nuwe stryd tussen die Ooste en die Weste beskou sal word. Wie weet? Ons sal moet wag en sien.

## TWEE MATIES IN W.P.-SPAN

### Hartlik Geluk!

Ons kan dit nie nalaat om die twee Matiespelers wat in die W.P.-voetbalspan wat môre met Transvaal kragte meet, ingesluit is, hartlik geluk te wens nie. Ons is daarvan oortuig dat Peet van der Walt en Burger hulle plekke deeglik sal vul en hulle insluiting onomwonde sal regverdig.

Rook Springbok-Sigarette

